# Lesing 14.05.2018 - DEEL 1 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

Die Gees, die Lig word uitgestort

Gen 1:1 IN die begin het Elohim die Hemele en die Aarde geskape. [JeshaJaH 66:1; 2 Ezra 6:38; Psalm 85:11]

Gen 1:2 En die Aarde, sy het verwoes en vormloos geword, en Duisternis was op die aangesig van die Afgrond, en die Gees van Elohim (SY) het gesweef oor die aangesig van die waters. [JeshaJaH 45:18; Prediker 3:11]

Gen 1:3 En Elohim het gesê: Laat daar Lig wees! En daar was Lig.

Die belofte van die Gees in Adam

Gen 1:27 En Elohim het die adamiet geskape na SY beeld; na die beeld van Elohim het HY hom geskape; man en vrou het HY hulle geskape. [Maleagi 2:15]

Gen 1:28 En Elohim het hulle geseën, en Elohim het gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die Aarde, onderwerp haar en heers oor die visse van die see en die voëls van die Hemele en oor alle lewende wesens wat op die Aarde beweeg. [Wysheid van Salomo 10:2]

Wysheid van Salomo 9:2 en wat deur U Wysheid die adamiet gemaak het, sodat hy sou heers oor die skepsels wat U gevorm het,

Wys 9:3 en sodat hy die wêreld in Apaeid en regverdigheid sou bestuur, en sou beoordeel met 'n regverdige gees;

Wys 9:4 gee U my die Wysheid wat op U Troon sit, en wys U my nie af as een van U kinders nie.

Wys 10:1 SY het die eersgeskape vader van die wêreld beskerm toe hy die enigste skepsel was, en Sy het hom uitgelei uit sy val [Génesis 3:23; Boekrol van die Opregte 1:12]

Wys 10:2 en hom die mag gegee om oor alles te heers. [Génesis 1:28]